

29 Oktober

Skrifgedeelte: Handeling 28:16-31
Fokusgedeelte: Handeling 28:28

Die evangelie van ons Here Jesus Christus breek onkeerbaar deur!

Van die eerste oomblik af was die bedoeling van die evangelie om uitgedra te word. Die blye boodskap was nie net bedoel vir enkele bevoorregtes wat net hulleself wil verknus, verkreukel en verlekke nie. Net voordat die dissipels toegerus word met die gawe van die eindtyd – die Heilige Gees wat uitgestort word – is hulle opdrag duidelik: *Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld* (Hand. 1:8).

Hierdie dissipels was inderdaad getuies daarvan van Jerusalem af (vgl. 1:1 – 8:3) tot in Judea. Dit het verder uitgekring tot in Samaria (vgl. 8:4-40) en uiteindelik tot in die uithoeke van die wêreld (dit is Rome, vgl. 9:1 – 28:31).

Die uitbreiding van die evangelie soos Handeling dit verhaal, was baie moeisaam en het groot offers geverg. Openbaring sê dat die verkondiging van die boodskap bitter in die maag, maar so soet soos heuning in die mond is (Op. 10:10). Uiteindelik is daar niks wat die kragtige deurwerking van die evangelie kan stuit nie. Dit stu voort deur die hele wêreld soos 'n triomftog en laat die onmiskenbare geur van die dood en die lewe agter (2 Kor. 2:14-17). As die evangelie onherroeplik verbybeweeg het, sonder dat toeskouers deel van die juigend blye skare geword het, bly net die geur van die ewige dood oor.

Dit moet die uitverkore volk van God – die Jode, en ook die kerk – by Paulus hoor: *Julle moet nou goed verstaan dat God se boodskap van redding na die heidennasies toe gestuur word. Hulle sal luister* (Hand. 28:28 ... as julle dan nie wil hoor, sien en verstaan nie).

Sing: Psalm 68: 1, 2

Dr. RM (Rudolph) van der Merwe (Parys)